# NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

## HONORARIUM

Die Telersgenootskap wil graag sterkte toewens aan Hardus Breedt. Ons hoop op vinnige herstel en dink ook aan sy familie. Oom Willie Grobler is aan die aansterk en het al begin werk en besluit om telersdae by te woon. Ons is dankbaar vir sy terugkeer tot ons telersgenootskap.

## ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Algemene Jaarvergadering wat gehou is op 3 April 2014 was goed bygewoon deur lede. Die Raad wil alle lede wat die vergadering bygewoon het bedank vir hulle teenwoordigheid en insette. Op 2 April is n Inligtingssessie deur Dr. Michael Bradfield aangebied wat n lewendige diagnostiek van bulle ingesluit het. Die gewigte van bulle se nageslag is ontleed om die bulle se EBVs te verstaan. Hierdie was baie insiggewend vir telers en het n bietjie agtergrond gegee hoe EBVs bereken word en hoekom hulle mag verander. Die geleenthede is geborg deur MSD Animal Health en Mutual & Federal.

## SIMMMENTALER KURSUS

Die Simmentalerkomitee het besluit dat vanjaar geen beoordelaars kursus aangebied word nie, Alle senior A kandidate sal uitgenooi word na n Senior Kandidaat Orienterings Sessie. Hierdie is n teoretiese sessie en kursusgangers sal opleiding ontvang ten opsigte van die gebruik van teelwaardes tydens keurings en beoordeling en riglyne om as beoordelaar op te tree . Die kursus word beplan vir Julie/Augustus , n half dag by die Simmentaler / Brahman Huis op Whk skougronde .

## SIMMENTALER BOEREDAG

N ope boeredag word aangebied op 3 Junie op die plaas van Martin Harms. Martin is een van ons jonger vooruitstrewende telers wat almal se ondersteuning nodig het. Ons telers moet meer sigbaar wees, woon die dag asb. by en maak direkte kontak met kliente. Dit is elke teler se plig om medetelers te ondersteun wat bereid is om raspromosie te doen!!

Die tema vir die dag is ‘’The beauty and the beast’’. Boer met vrugbare koeie en nie met vet koeie nie. Lesings word ook aangebied oor voeding en dieregesondhied. Die borge van die dag is Agra, Voermeester en Virbac. Tydens die dag sal die voordele van die Simmentaler in kruisteel stelsels uitgewys word. n Soortgelyke dag is verlede jaar aangebied en is deur tussen 85 en 100 mense bygewoon ,nogmals dankie aan familie Dr. Mbuende wat die dag aangebied het .

# NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

## SIMBRA BEESINLIGTINGSDAG

'n Ope Beesinligtingsdag vind plaas op 19 Junie 2014 om 09h00 op die plaas Neu-Otjisauona van Diethelm en Katja Metzger. Die sprekers met onderwerpe is die volgende.

Ons Telers het die verantwoordelikheid om aan die kommersiele boer genetika tot beskikking te stel wat hom in staat stel om beter beeste vir die mark te produseer. Wat behels dit? Vroulike diere moet vrugbaarder word, hulle moet meer effektief hul kalwers grootmaak. Beeste vir die mark moet met minder kos meer produseer! Hierdie doelstellings word bereik met verbeterde bestuur en verbeterde genetika. Die verbeterde bestuur is elke boer se verantwoordelikheid en die verbeterde genetika is die stoetteler se verantwoordelikheid. Die Boeredag is daarop gemik om op 'n praktiese manier aan te dui en te demonstreer hoe nuwe tegnologie aangewend kan word om bestuur (dus alle boere) en genetika (dus alle stoettelers) toegepas hoort te word.

## LANDBOUSKOUE VIR 2014

Die Simmentaler telers beplan Nationale Kampioenskappe vir die Windhoek Skou 2014 om die 121 jaar van die Simmentalers in Namibie te herdenk.

Die versoek word gerig aan telers om die skou te ondersteun en diere in te skryf vir die kampioenskap. Daar is reeds verskeie Suid Afrikaanse Simmentaler telers, asook die Suid Afrikaanse Raad wat die kampioenskap gaan kom bywoon.

Die beoordelaars wat vir die veskillende skoue voorgestel is, is as volg

GROOTFONTEIN: 17 tot 19 September 2014 – Dewald Walters en Dirk Kaiser

GOBABIS: 22 tot 24 September 2014

SIMMENTALERS: S. Voigts, Hendrik Prinsloo en Eandro Lottering

SIMBRAS: R. Rusch en Dewald Walters

WINDHOEK: 26 September tot 4 Oktober 2014. Beoordeling van Simmentalers en Simbras sal plaasvind op Woensdag , 1 Oktober 2014 om 08h00

SIMMENTALERS: L. Angus, P. Klein en P. Tjaimba

SIMBRAS: S. v. Luttwitz, Hendrik Prinsloo en Thinus Cocklin

# NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

## ERKENNINGS

Tydens die afgelope algemene jaarvergadering is die volgende toekennings aan telers gemaak.

## STERTOEKENNINGS

Koeie wat in moedereienskappe uitblink word met *,**of***sterre op die registrasiesertifikaat, veilingkatalogus en webblad as elite of ster koeie uitgewys.

Die kriteria vir die 2014 ster koei berekening is as volg;

* Ster - 4 kalwings op rekord waarvan 2 kalwers goedgekeur is en 3 n speengewig op rekord het.

** Sterre - 5 kalwings waarvan 3 kalwers goedgekeur is en 4 n speengewig op rekord het.

***Sterre – 6 en meer kalwings waarvan 4 kalwers goedgekeur is en 5 n speengewig op rekord het.

Reproduksie ouderdom met 1ste kalwing (30 maande) enTKP wat nie hoer as die rasgemiddelde moet wees nie.

Prestasie 200 dae gewig EBV (>1) en 200dae melkEBV (>1) moet rasgemiddeld en hoer wees.

Hierdie standaarde word jaarliks volgens die jongste rasgemiddelde aangepas en dooie koeie ontvang ook sterre aan hand van hul nageslag se prestasie.

| Stertoekenning | SIMMENTALERS | SIMBRAS |
|---|---|---|
| 1 ste plek | S. Voigts (Voigtland) | D. Metzger |
| 2 de plek | H. Hamman (Iris) | F. Pretorius (Jacat) |
| 3 de plek | F. Pretorius (Jacat) | Bayer Olivier |

SIMBRADEX toekennings

| Aantal Koeie | Eerste plek | Tweede plek | Derde plek |
|---|---|---|---|
| 10 tot 24 | F. Jordaan | F. Nell | |
| 25 tot 49 | E. Kohler | B. Olivier | Nossob Simbras |
| 50 tot 74 | W. Wilckens | | |
| + 75 | D. Metzger | K. Heimstadt | H. Breedt |

| Aantal Koeie | Eerste plek | Tweede plek | Derde plek |
|---|---|---|---|
| 10 tot 24 | M. van Zyl | | N. Mburirau |
| 25 tot 49 | M. Harms | C. Oberholzer | U. van Biljon |
| 50 tot 74 | R. Rusch | Soetgras | U. Kaiser |
| +75 | B. Walters | S. Voigts | H. Hamman |

Die grootste Simmentaler kudde gaan aan S. Voigts, volgens geboortes ingedien. In die tweede en derde plek is H. Riedel en S. Martin.

Die grootste Simbra kudde gaan aan Diethelm Metzger, volgens geboortes ingedien. Gevolg in die tweede en derde plek deur W. Wilckens en H. Breedt.

**SIMXTRAVAGANZA**

Die Simxtravaganza veiling is op 17 Oktober 2014.

Die volgende inligting is belangrik ten opsigte van die veiling. Telers moet asseblief kennis neem van tersake inligting.

1. Die veiling vind plaas op Vrydag, 17 Oktober om 11hoo by die Agra Veilingsring.
2. Inskrywings vir die veiling sluit 31 Julie 2014. Geen laat inskrywings sal gehanteer word nie. Alle inskrywings word deur die Simkantoor gehanteer.
3. Diere vir die veiling moet tydens keurings deur die tegniese beamptes uitgewys word vir die veiling.
4. Kwaliteit kommersiele diere kan ook ingeskryf word solank hulle suiwer Sim of kruisings is.

**RAAD 2014/2015**

Tydens die afgelope algemene jaarvergadering is die nuwe Raad verkies met Mnr. S. Voigts herverkies as die president en D. Metzger as vise-president. Die nuut verkose Simbra voorsitter, Mnr. Werner Wilckens is in die plek van Dr. A. Olivier verkies op die Raad. Ons wens Mnr. Wilckens baie geluk met sy verkiesing tot die Raad. N groot word van dank aan Dr Olivier wat vir baie jare op die Raad gedien het. Dr Olivier het as voorsitter van die Simbra komitee en vise-voorsitter van die genootskap gedien, jare van onbaatsugtige diens teen spite van n vol program. Baie dankie Arnold , sterkte met alles wat voorle en dankie dat jy jouself altyd beskikbaar verklaar het. Die twee raadslede vir die Simmentalers is Mnrr. B. Walters as Simmentaler voorsitter en K. Gunzel as raadsverteenwoordiger.

Die portefeuljes vir die raadslede is as volg toegeken,

S. Voigts : Skoukomitee, WSSF en die Suid –Afrikaanse Raad verteenwoordiger. (Epos adres; stephanv@iway.na)

W. Wilckens: Ras promosie en tegniese sake. (Epos adres; wilckens@iway.na)

B. Walters: Ras promosie en Simmentaler/Brahman Huis. (Epos adres; bertusw@securitas.com.na)

K. Gunzel: Tegniese sake. (Epos adres; kaspar@iway,na)

D. Metzger: Finansies. (Epos adres; diethelm@kamab-simbra.com)

SimXtravaganza: B. Walters en H. Kruger.

## NAMIBIE TELERS

Ter inligting. Tans is daar 38 Simmentaler en 30 Simbra telers in Namibia. Telers wat beide rasse teel is 7. In totaal is daar 68 telers.

Die getalle van diere in Namibie is as volg in die onderstaande table uitgebeeld.

| | KALFBOEK | REGISTREER |
|---|---|---|
| SIMMENTALER MANLIK | 1647 | 549 |
| SIMMENTALER VROULIK | 1836 | 3078 |
| SIMBRA MANLIK | 1837 | 545 |
| SIMBRA VROULIK | 1657 | 3849 |

$$$